

4 Februarie 2014

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9:1-15 (1933/53- of 1983-vertaling)
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 9:5, 12

Dankoffers: afpersing, of 'n tasbare bewys van ons dankbaarheid?

Daar is min dinge in die kerk van Christus wat vir ons so baie soos afpersing kan voel soos ons dankoffers. Byna elke gemeente het iewers deur die loop van die jaar 'n praatjie oor die gemeente se bydraes, en om een of ander rede stap min van ons daar weg met 'n rustige gemoed.

Paulus was juis bang vir hierdie tipe reaksie vanaf die Korintiërs. Die gemeente dáár het vroeër 'n insameling begin vir die arm Christene in Judea. Maar nadat 'n jaar verloop het, het die insameling tot stilstand gekom. Daarom moedig hy hulle aan om die insameling met dieselfde ywer af te handel as waarmee hulle begin het. Hy stuur selfs vir Titus en twee broers vooruit om die beloofde dankoffer in orde te kry.

Die blote feit dat Paulus dit moes doen, kon egter maklik vir die gemeente laat voel het dat hulle afgepers word. Juis daarom verduidelik Paulus onder leiding van die Heilige Gees dat gelowiges se dankoffers nie afpersing is nie – inteendeel:

- *Dit wys ons dankbaarheid:* Op grond van God se oneindige seëninge wys ons tasbaar ons dankbaarheid teenoor Hom deur op materiële gebied oorvloedig tot die insameling vir die armes by te dra.
- Dit erken God as die enigste Gewer en Voorsiener: Hy is die een wat die saad verskaf om te saai en brood om te eet. As rentmeesters gee ons met ons dankoffers eenvoudig terug wat reeds syne is (vgl. Ps. 24:1).
- Dit voorsien in die nood van ander: Met ons dankoffers gee ons konkrete gestalte aan die opdrag om ons naaste so lief te hê soos onself.
- Dit veroorsaak dat God geloof en geprys word: Ten diepste dra ons dankoffers by tot die grootste begeerte van ons harte – dat God alleen geëer en geprys word.

So gesien, is ons dankoffers nie bedoel as afpersing nie, maar as 'n offer van dankbaarheid vir die Drie-enige God ...

Sing: Psalm 50:5 (2001)

Ds AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)